Pille is vir verkoue moet drink voor hier aankom.

Johan Grobbelaar.

SANAE 9.

—11—.

Jeugsentrum Asis,
Vermeulenstraat.
Pretoria.
19 Des '68.
8.30nm.

My Liefste Johan,

Ag die verlange is vandag eens so erg. As jy die briefie lees is dit al amper 'n maand oud, maar ons speel ek is met jou op ~~daar~~ hier die oomblik. Dier ek kan regtig nie wag dat die 2 maande ook moet om gaan nie.

Ek het vandag met jou mammie gesels. dit gaan goed daar. Ek wil afgaan na hulle toe einde Februarie dan ry ons saam Kaap toe. Ongelukkig sal my ouers nie ook in ons geluk kan deel daar onder nie maar hulle is net so gretig om jou terug te sien as ek of self jou ouers. My pappa het verlof ~~as~~ gehad. toe. Thea in die hospitaal ~~is~~ was.

Dier jou foto staan hier reg voor my as ek opkyk dan sien ek die pragtigge paar blou oë wat iets vir my wil vertel of wat eintlik die hele jaar aan my die boodskap oordra wat jy seker graag aan my wil vertel.

Liefste soos jy weet is ek eintlik nie 'n briewe skryfster nie maar dis darem lekker om op so 'n manier kontak te maak as daar nie persoonlike voeling is nie. Ag ek wens jy was hier sodat ek net weer daardie beskermende hand in myne kan voel. Johan ek weet nie wat die jaar aan jou gedoen het nie, maar dit het beslis my net meer en meer laat verlang. Ek kan nie meer sê hoe lief ek jou het nie maar dit kom daarop neer dat ek jou vandag liewer het as gister of

eergister. of aldie dae in die afgeloope jaar maar nog minder as wat ek jou more of oormore sal liefhê.

Die jaar was beslis 'n toets wat ek nooit weer oor wil hê nie, maar ek kan darem sê soos Georges Bernands.

"To be able to find joy in another's joy: that is the secret of happiness".

Dan ook dier hulle sê; „There is but one salvation for the tired soul; Love for another person."

Johan, ek ken elke versie in die boekie wat jy my gegee het. Ek moet sê dit het baie gehelp met die nat aande, wat ek hier so oneindig baie verlang het en ook al die toekomende aande.

Ek het vanaandweer so 'n bewerasie wat net jy kan stil volgens ou ~~Joon~~ John v/d. Berg gisteraand. Hy sê die bewerasie wat 'n meisie ondervind as sy 'n ou wil hê en nie by hom kan kom nie ~~dan~~ is net soos 'n bolander wat die Transvaal se weer hoor. (donderweer).

Dier. ek moet ophou want ek skryf net kaf ~~a~~ en ~~dit~~ dit wat jy seker nie wil hoor nie.

Lekker slaap my skat. Sien jou een van die mooiweerdae. Ek het jou baie lief Johan. Ek wens ek kon in jou oë kyk en dit dan vir jou sê. Kyk maar na die foto ek glo hy vertel wat jy wil hoor. Groete van almal hier.

Al my liefde,
Jou verlangende,

Tenie

N.S. Ek kon ongelukkig nie „Liewe Maan" kry nie hoop sal hom hê as jy terug is.

Mooi Loop
xxx

Verskoon die skrif dis deur trane gedoen.

(1)

JTA8 22-1-1968

GROBBELAAR.

MY LIEFSTE JOHAN

HOE GAAN DIT JONG. VERLANG GEWELDIG BAIE. GENIET JY DAREM DIT NOG OM SO IN DIE KOUE TE WEES. KAN NIE MEER WAG VIR N BRIEF DUS SKRYF EK. ALBEI FAMILIES STUUR GROETE. BAIE DANKIE VIR TELEGRAMME. DIE TYD GAAN STADIG OM KAN NIE GEWOOND RAAK AAN DIE IDEE NIE. HET TOE NIE ENGELS GEKRY NIE SKRYF WEER MAART OOR. HET N STEL MESSE GOED GEKOOP VAN AGT STUKKE ELK PRAGTIG. HOPELIK SAL DAAR N TELEFOON WEES DIE 19de FEB. SAL WEER LAAT WEET NOG BAIE LIEF. BAIE LIEFDE. TIENIE.

(2)

JTA006

GROBBELAAR

MY LIEFSTE JOHAN

VERLANG GEWELDIG X WAS NAWEEK HUISTOE X ALMAL STUUR GROETE X MIS JOU BAIE X NIE GOED SO ALLEEN TE WEES X WENS TYD GAAN VINNIG OM X JOU OUERS STUUR GROETE X POPPIE EN BASIE IS VERLOOF WIL DUBBEL TROUE HE X HET NOG NIE TELEFOON X BRIEF NA HUISADRES ASSEBLIEF X HET JOU BAIE LIEF MY DIER X AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

JTA003 16/2/68 (3)

GROBBELAAR

HALLO MY JOHAN

HOU NOG LEKKER VAKANSIE X WAS NAWEEK IN SASOL X ALMAL STUUR GROETE X MY PA IS WEER SKOOL TOE VYF WEKE X NELLIE KOM NAWEEK KUIER X MIS JOU SO BAIE JOHAN X VERLANG SOMMER TONNE X WENS JAAR GAAN GOU OM X ALTYD JOU VALENTINE X AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

JTA001 ① 17/2

GROBBELAAR SANAE

LIEWE JOHAN

ESTELLE NA BEN GENEEM TAUNUS X NOU ADAM EN EVA ALLEEN X BENY JOU KOUE BAIE WARM HIER X PRESENT TIENIE XXXXXX GEPOS X COUZETTE GESKEER X GROETE

OUERS

JTA002 ④

GROBBELAAR 27/2

HALLO MY LIEFSTE

EERS BAIE BAIE DANKIE SE VIR PRAGTIGE RUIKER X MOES DIT IN WITBANK GAAN HAAL SATERDAG X MIS JOU BAIE MY DIER X WENS TYD WIL GOU OMGAAN X WAT DOEN JY ALLES X EK LEER ENGELS EN RUS VERDER X HOU NOG LEKKER VAKANSIE X MOET ALWEER DIE 26STE FEB WERK X VERLANG SOMMER NOU NET KWAAI WENS IS AL VOLGENDE JAAR X ALBEI FAMILIES STUUR GROETE X HET JOU NOG SPANNE LIEF X PAS JOU OP JONG

AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

JTA006 ⑤

GROBBELAAR 29/2

MY LIEFSTE

WERK ALWEER TOT MAART 69 X VERLANG SOMMER SPANNE NATUURLIK GOU AFHAAK JONG X ALMAL STUUR GROETE ESTELLE OOK X VRA HOEKOM NIE SKRYF NIE X SIEN JOU OUERS 9DE MARCEL TROU X HOOP BEL GOU DAREM AL 2 MAANDE X PA HET NIE PASSASIERS GESLAAG NIE MOET 5 WEKE IN SKOOL WEES X HET MESSESTEL EN STEL TASSE GEKRY X PRAGTIG X HET JOU MA GEBEL GAAN GOED EN STUUR GROETE X WENS WAS VIR 3 MINUTE HIER X SPEEL MOOI PLATE X MIS JOU BAIE LIESTE JOHAN X AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

JTA003

(6)

GROBBELAAR

8-3-68

MY LIEFDE DIER

AI MY SKAT VERLANG VANAAND SO BAIE X HET MET POPPIE BASIE GAAN FLIEK GISTERAAND X DIT WAS HEERLIK X MIS JOU NET TE VEEL X WENS JY IS AL TERUG X HET JOU SOMMER NOG LIEWER ELKE DAG X PROBEER NET HEEL WEEK OM BOODSKAP TE STUUR X GISTERAAND WEER BESTEE VANAAND OOK X NIE GOED SO ALLEEN X POPPIE NEEM HAAR KRAAMOPLEIDING DIE JAAR X WIL WEET WAT JY SE OF KAN DUBBEL TROUE HE X SIEN JOU OUERS SATERDAG X GROETE VAN FAMILIES EN VRIENDE X BOOT HET AANGEKOM SAL SEKER DIE WEEK ROELF SIEN HOOP SO X GENIET JY DIT DAREM X GROETE AAN DIE OUENS X NELLIE PAS MOOI OP

AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

JTA002

(1)

GROBBELAAR

VAN HUIS PRESIDENT STEYN

UOVS 5/3/68

LIEWE BOET

VREESLIK DANKIE VIR BRIEF X UNIVERSITEIT HEERLIK X BAIE WERK OOK X BLOEMFONTEIN HEEL TERUG X BEGIN KOUD WORD X DURBANIETE VERKLUIM AMPER X REEDS TUSSEN WOLWE VERVAL X GRAPPIE X VERLANG HUISTOE X PA WIL HUIS VERKOOP X SKRYF OOK VIR TIENIE X GROETE BY BASIS X PAS JOUSELF OP HOOR X LIEFDEGROETE

ESTELLE

JTA005 110

(7)

GROBBELAAR

MY LIEFSTE JOHAN

AI EK KAN NIE VERTEL HOE EK VOEL X DIE BAND IS PRAGTIG MY SKAT X SAL ALTYD LIEF HE X VOEL OF JY NOU BY MY IS X VERTEL VIR MY SO MOOI X VERLANG SOMMER BAIE JONG X KAN NIE WAG TOT MAART 69 X MIS JOU BAIE X OUERS ANNEMARIE EN GERT WAS NAWEEK HIER X HET BAIE GENIET X SE BAIE GROETE EN WENS OM IETS TE HOOR X JOU PA HET LISENSIE GEKRY NOU NOG ASSURANSIE X MY PA HET ONGELUK GEHAD MET MOTOR X MOTOR SLEG BESKADIG DAREM NIE SEERGEKRY X SO BAIE TE VERTEL MAAR KAN NIE X FANIE SE MIS JOU BAIE X GAAN NAWEEK HUISTOE X GROETE VAN FAMILIES EN VRIENDE

AL MY LIEFDE

TIENIE

51

(2)

BRIEF GROBBELAAR

LIEWE BOET 16-3

WENS KON MET BRIEF VAN NATAL SE GROENIGHEID STUUR X VERBLYDEND TE HOOR DAT MET SANAE GOED GAAN X WORD HIER KOUD X DURBANIETE VERKLUIM X GROETE AAN ALMAL TUIS EN AAN VELDEKSPEDISIE MET TERUGKOMS X OUERS MET TAUNUS PRETORIA TOE X NOG NIE GEHOOR HOE TROUE WAS NIE X WENS JULLE WAS AL TERUG X

ESTELLE

JTA006 (2) 44

GROBBELAAR SANAE

LIEWE JOHAN 21-3-68

HET DEUR WILLIE KOTZE JOU STEM VANAANF GEHOOR X MAMMIE EN EK BOODSSKAP TERUGGESTUUR BOTHAS NEEM MORE LEKKER NYE ESTELLE X GAAN VIR GRADEPLEGTIGHEID X WENS KON OOK AAN JOU STUUR X WAS NAWEEK IN PRETORIA MARCEL SE HUWELIK X HET TIENIE SAAMGENEEM OOK NA NATHANAEL X GROETE

OUERS

GROBBELAAR (8) 107

HALLO MY LIEFSTE

AG MAN DIS WONDERLIK OM JOU STEM TE HOOR LAAT MY SOMMER WEER GELUKKIGER VOEL X WOU VERTEL HET DAT EEN VAN DIE WEERKUNDIGES WAT TERUG IS MORE SY 800 SKYFIES KOM WYS X NELLIE STUUR GROETE X MY SKAT EK WENS DIE TYD WIL GOUER OMGAAN DIS NOG NIE EERS VOL 3 MAANDE X MOET NIE BEKOMMERD WEES OOR DURBAN TOE GAAN NIE X SAL MYSELF MOOI OPPAS LIEFSTE JOHAN EK IS ELKE DAG MEER LIEWER VIR JOU X DIE VERLANGE IS VERSKRIKLIK X HET OLYFGROEN GORDYNE VIR KAMER GEKRY LYK MOOI WENS KON DIT SIEN X MY DIER EK MIS JOU SO GEWELDIG BAIE X AL MY LIEFDE

JOU EIE

TIENIE

JTA009

GROBBELAAR. (9) 98

24/3/68.

MY LIEFSTE JOHAN 28/3

AG DIS AL LAAT MAAR WIL DAREM EERS VIR MY DIER SKRYF X JONG DIE TYD MOET NOU VINNIG STAP WANT EK VERLANG BY DIE DAG MEER EN KAN NIE GEWOOND RAAK AAN DIE IDEE DAT JY WEG IS NIE X WAS NAWEEK OP SASOL X ALMAL DAAR STUUR GROETE OUPA OOK X NIE LEKKER OM ALLES ALLEEN TE DOEN X PA HET EKSAMEN GESLAAG X AG MAN EK MIS JOU SO GEWELDIG BAIE X ALTE LIEF VIR JOU MY SKAT KAN NIE WAG VIR VOLGENDE JAAR NIE X GROETE VAN BEIDE FAMILIES EN VRIENDE OOK NELLIE X AL MY LIEFDE

JOU VERLANGENDE

TIENIE

JTA012

25/3/68 29/3 (10)

MY LIEFSTE DIER 99

AG HOE KAN EK DANKIE SE VIR DIE FANTASTIESE RUIKER MY SKAT EK WENS JY WAS HIER SODAT EK PERSOONLIK VIR JOU KON DANKIE SE SOOS ELKE VORIGE KEER X DIS WONDERLIK OM TE WEET DAT DAAR NIEMAND IS WAT NET SO GEREELD AAN JOU DINK AS JY AAN HOM X EK KAN MAAR NET SE EK IS BAIE LIEF VIR JOU EN SIEN UIT NA DIE VOLGENDE TELEFOON OPROEP X EK WIL KYK OF EK NIE DIE KOMENDE NAWEEK POTCHEFSTROOM TOE KAN GAAN NIE X WIL GRAAG VIR DIANA GAAN KUIER X DAAN SY STUUR GROETE X

AL MY LIEFDE

TIENIE

JTA003

J W GROBBELAAR SANAE

30/3

(3)

HELLO JOHAN

JA WINTER IS VOOR DIE DEUR X ESTELLE IS DERDE APRIL TUIS VIR TWEE WEKE X HET PUNT SES ACRE GEKOOP TE WESTVILLE X BALLARDS SE HUIS NOU KLAAR X NUWE MENSE BEGIN BOU TEENAAN WYTBANKWEG X GEEN VERDERE NUUS VAN TRUST BANK X MAMMIE VRA WAT BETEKEN JOL

GROETE

GUERS

GROBBELAAR 1 APRIL 1968

4/4

(11)

MY LIEFSTE JOHAN

WAS TOE NIE POTCH TOE NIE X DIANA KOM DIE NAWEEK KUIER X HET JOU BAIE GEMIS DIE NAWEEK WAS ALLEEN X MY SKAT EK WENS DIE TYD WIL VINNIGER VERBYGAAN X DIE KAMER IS SO LEEG VANDAT JY WEG IS X VOEL SO OF EK NET NIE GEWOOND KAN RAAK NIE X AG MY SKAT DIE VERLANGE IS SO GROOT X DIE DOMINEE HET SO MOOI GEPRAAT MAAR DIT WIL NIE EERS MEER BEVREDIG NIE X HET ALWEER GEWIG VERLOOR WEET NIE HOEKOM NIE X ALMAL STUUR BAIE GROETE X MIS JOU SO GEWELDIG BAIE LEKKER BLY

AL MY LIEFDE

TIENIE

GROBBELAAR

4/4

(3)

LIEWE OUBOET

VAKANSIE IS OP HANDE X EK HUIS TOE VAN 3 TOT 16 APRIL X SAL DAN TIENIE SIEN X ANNAMARIE ADRES ALDERHOF 4 WOODSURNOORD GLENWOOD X SAL BRIEF WAARDEER X EK VERLANG BAIE NA JULLE DAAR ANDERKANT X GROETE AAN ALMAL X HOU BLINKKANT BO X DANKIE BRIEF

LIEFDE GROETE

ESTELLE

HAAI MY LIEFSTE 10/4 (12)

SKRYF GOU OP KANTOOR JOU BRIEF ANDERS KRY JY DIT NIE DIE WEEK X WAS GISTERAAND OP MARTHIE SE KOMBUISTEE X SY EN KLEINTJIE TROU SATERDAG X EK GAAN NIE DURBAN TOE NIE SAL MAAR HUISTOE GAAN X DIANA WAS NAWEEK HIER HET HEERLIK GEKUIER X KAN NIE WAG TOT 17DE VIR TELEFOONOPROEP X WENS KAN MEER SKAKEL X ALMAL STUUR GROETE X WIL JOU OUERS VANDAG SKAKEL X HIER GAAN DIT GOED VERLANG NET OM JOU WEER TE SIEN X HET JOU NOG BAIE LIEF X HOOP HET BOODSKAP SATERDAGAAND GEKRY X AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

GROBBELAAR 7 APRIL (4)

LIEWE JOHAN 10/4

ESTELLE WOENSDAGAAND TUISGEKOM TWEE WEKE X WARM KLERE WORD AANGESKAF X HUIS NOG NIE VERKOOP X JOHANNESBURGER STEL BAIE BELANG X WIL BAIE VERANDERINGS AANBRING X TRUSTBANK HET BETAAL X SOUZETTE EERSTEKLAS X EK VOLTOOI NOU INGEBOUDE KASTE CORTINA STONE GUARDS AFGEHAAL ROES SAL LAAT CHROOM X ALMAL STUUR BAIE GROETE X MOOI LOOP

OUERS

GROBBELAAR 17/4/68 19/4 (13)

MY LIEFSTE

AG HOE WONDERLIK OM WEER MET JOU TE KON GESELS X EK VOEL SOMMER WEER LUS VIR DIE DAE TOT DIE VOLGENDE OPROEP X SAL DAN OOK GAAN TE BOODSKAP OP RSA STUUR AS JY NIE WIL NIE X DIE GROND WAT JOU PAPPIE GEKOOP HET IN WESTVILLE IS NOGAL MOOI MAAR NIE MEER AS KLOOF X WIL MY OUERS VRA OF JOU HOND MAAR DAARNATOE KAN KOM X HAAI NELLIE SE NIE TE VEEL AFKOEL NIE X VERLANG SPANNE X HET NOG BAIE LIEF X GROETE VAN ALMAL

AL MY LIEFDE

TIENIE

BRIEF JOHAN GROBBELAAR 19/4 (3)

14/4/68

HELLO JOHAN

TIENIE NAWEEK BY ONS X BAIE AANGENAAM X HET BY JOUBERTS NA DANIE SE BAND GELUISTER X GAAN NOG GOED MET ALMAL X ANNEMARIE EN GERT NAWEEK NA BERGE LOUIS HULLE X VANDAG BUITE GEBOUE OORGEVERF X BRUIN LYK BETER AS BLOU X ESTELLE VERTREK MORE X GROETE

OUERS

HAAI MY DIER 24/4 (14)

DANKIE VIR AL DIE BOODSKAPPIES DEUR DIANA X LUISTER SATERDAG MOONTLIK BOODSKAP OOR RADIO NEDERLAND X ONS BLY LEKKER IN WOONSTEL X WENS JY KON SAAM EET X HET LEKKER GEKUIER BY HUIS X MOTOR NOG NIE REG X VERLANG SPANNE X PROBEER VOLGENDE OPROEP 10 DE MEI ASB X ALMAL STUUR GROETE X PAS JOU MOOI OP MY DIER X HET NOG BAIE LIEF X AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

GROBBELAAR (4)

26/4 LIEWE JOHAN

VAKANSIE HEERLIK X AANGENAAM TIENIE WEER TE SIEN X SKYFIES IS PRAGTIG X HOE VORDER DIT MET JULLE X BAIE KOUD? HOU MORAAL NET HOOG X DAN ALLE BETER X VERLANG MAAR BAIE NA JULLE OUERS OOK X SAL VIR EDDIE SKRYF AS GEEN BESWAR WENS KON SONSKYN NA JULLE STUUR X HIER BAIE KOUD X SENTRALE VERWARMING IN WERKING

LIEFDE GROETE

ESTELLE

GROBBELAAR SANAE 2/5/68 (15)

MY LIEFSTE JOHAN

AG EK VERLANG VANDAG WEER SO BAIE EEN TROOS 4 MAANDE IS DAREM AL VERBY X EK HOOP VERSTAAN BOODSKAP DIANA X HET VIR MY 4 KOMBERSE GEKOOP X HET DIE TYDJIE IN WOONSTEL MY BEDERF KAMER IS NOU TE KLEINX GRACE IS WEG GAAN TROU X WERK NOG LEKKER HET VANOGGEND MET MNR DU PREEZ GEPRAAT X HOOP KRY BOODSKAP BETYDS VOOR 11 DE MEI X ASSURANSIE IS NOU REG X FOUT BY HULLE KANTOOR X DEPT VAN VERVOER BETAAL DIT X HET NOG NIE UITSLAG GEHOOR SAL JOU LAAT WEET HOOP HET GESLAAG X WAT DOEN JY ALLES X ONS OUERS STUUR GROETE ASOOK NELLIE EN HAAR OUERS X LEKKER BLY MY SKAT HET BAIE LIEF

AL MY LIEFDE

JOUNE

DEPT VAN VERVOER BETAAL DIT X HET NOG NIE UITSLAG GEHOOR SAL JOU LAAT WEET HOOP HET GESLAAG X WAT DOEN JY ALLES X ONS OUERS STUUR GROETE ASOOK NELLIE EN HAAR OUERS X LEKKER BLY MY SKAT HET BAIE LIEF

AL MY LIEFDE

JOUNE

TIENIE

GROBBELAAR SANAE 4/5 (6)

LIEWE JOHAN

GAAN NOG GOED X COUZETTE VRYDAGAAND VOLGROEIDE HERALD BY HEK GEHOU X TOTDAT EK GEVANG HET X GISTERAAND JONG POFADDER NABY KORWE GEVANG X DE WITTS VAN VANDERBIJL PARK BY ONS NAWEEK OORGEBLY X NOG NIKS WEER VAN TIENIE VERNEEM NIE X ESTELLE SKRYF SENTRALE VERHITTING REEDS AANGESKAKEL

GROETE

OUERS

LIEWE JOHAN 9/5 (1)

BAIE DANKIE BRIEF X MET ONS BAIE VOORSPOEDIG X HOE GAAN DIT MET SNOR BAARD EN KOSKOOK X WIL EINTLIK GELUKWENS MET VERJAARSDAG DAAR IN DIE YS X ALLE VOORSPOED EN GELUK VIR TOEKOMS X DINK AAN JOU X WENS ONS WAS DAAR X LIEFDE

ANNEMARIE EN GERT

MY LIEFSTE JOHAN 9/5 (16)

SOMMER BAIE DANKIE VIR DIE PRAGTIGE RUIKER X VERLANG SOMMER NOU WEER SPANNE X AG EK WENS EK KON SATERDAG MET JOU WEES X WIL NET WEER BAIE GELUK SE MET DIE GROOT DAG X MAG DIT N BAIE GELUKKIGE JAAR WEES EN DAT ONS DIE VOLGENDE KEER SAAM KAN WEES X HIER GAAN DIT BAIE GOED X HET VIR MY WEER N PAAR ROKKIES GE-MAAK X KRY EINTLIK NOU BAIE TYD X JOU ASSURANSIE PROBLEEM IS OPGELOS X MY MAMMIE HET GEANTWOORD OP BRIEF SE DIE HOND KAN KOM MAAR WAAR GAAN SY GESKEER WORD X SY HET JUIS ONS KLEIN BRAK WEGGEMAAK X HOOP HOOR BOODSKAP VANMIDDAG JOUBERO ALMAL STUUR BAIE GROETE X LEKKER BLY EN VERJAAR EK IS MET JOU

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

TELEGRAM

JOHAN GROBBELAAR

SANAE 9

MAG DIE KOUE JOU NÁ HAAR LAAT DRYF BAIE GELUK VERJAARDAG 11DE

DIANA

GROBBELAAR SANAE

(2)

BAIE GELUK MET VERJAARSDAG ONS MET JOU IN GEES GROETE

OUERS ANNEMARIE EN GERT

GROBBELAAR 8 MEI

LIEWE JOHAN 14/5 (6)

BRIEF AANGENAAM WEER NUUS TE HOOR X JOOL EERS 18DE 11DE INTERVARSITY X JOHAN HOOP JY HET AANGENAME VERJAARDAG GEHAD X DEEL DAARIN IN GEES X GESKENK VERRASSING? JAMMER GELUKWENSE SO ONPERSOONLIK SOU VERKIES SELF GELUK TE WENS X WERK DEESDAE BAIE HIER X KOUE DAREM NOG DRAAGBAAR X MOOI LOOP EK VERLANG REGTIG BAIE

GROETE AAN SANAE 9

BAIE LIEFDE

ESTELLE

BRIEF GROBBELAAR 14/5/68

(17)

DAGSE MY DIER

JA DIE NAWEEK WAS AANGENAAM NET EK MIS JOU SO GEWELDIG BAIE EN DIE VERLANGE WORD AL GROTER X EK WENS DIE TYD WIL VINNIGER STAP X EK HOOP JY HET JOU BOODSKAPPE WOENSDAG MIDDAG GEHOOR X AS JY WEER VIR FANIE SKRYF STUUR NA POSBUS 174 OGIES X EK HET N GELEENTHEID GEKRY DURBAN TOE VIR DIE 22STE MEI MOONTLIK GAAN EK NOG NIE VAS BESLUIT X DIS N KOUE NAT WINTERSDAG X EK KRY AMPER NET SO KOUD SOOS JY X ALMAL STUUR GROETE X MY OUERS LUISTER GEREELD RADIO NEDERLAND X WIL GOU VIR DIANA BEL X LEKKER BLY MY SKAT

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

22 MEI 24/5 (18)

MY LIEFSTE JOHAN, EK WENS EERDER JY KON SAAMGAAN DURBAN TOE. EK HET N GELEENTHEID GEKRY. RY VANMIDDAG. OERS KRY MY IN PMB. VERLANG SOMMER BAIE. DANKIE BOODSKAP DIANA. SAL NIE FREKWENSIE VERANDER. SIEN UIT NA 1969. TRUI AMPER KLAAR. IS BESIG OM VIER ROKKE TE MAAK. WINTER NOU WERKLIK HIER. IS DIT AL NAG OP SANNIESP POS? NELLIE HET VIRUSGRIEP. IS AL TWEE WEKE AF SIEK. GROETE VAN BEIDE FAMILIES ASOOK VRIENDE.

ALTYD LIEF VIR JOU.

LEKKER BLY MY DIER

JOU TIENEIE.

GROBBELAAR SANAE 31/5 (7)

TIENIE NAWEEK HIER X VERTREK VANDAG X MOENIE BEKOMMER CORTINA X HET TIENIE DAARMEE PIETERMARITZBURG GEHAAL X JY KAN VERANDERINGS SELF VOLGENDE JAAR DOEN X WIELIE NET LAAT POMP EN WEER REG X HIER NOG GOED X KRY HEELWAT HEUNING EN VERKOOP GLAD X BOU TANS MUUR BY HEK

GROETE

OUERS

BRIEF GROBBELAAR SANAE

MY LIEFSTE JOHAN 31/5 (19)

VEILIG TERUG IN PRETORIA X VERLANGE SOMMER NOU BAIE MEER X JONG NELLIE SE MAMMIE SAL VIR ONS WOONSTEL KRY X JY MOET NET SE VIR WATTER MAAND X HET NAWEEK BAIE GENIET X HET SATERDAGAAND OP STRAND NUWE TEATER GAAN FLIEK X BAIE OULIK MOET NIE BEKOMMER MOTOR ALLES NOU REG X HET MY HARE KORT GESNY X JOUNE SEKER LANGER X O JA HOEVEEL BEREID OM VIR WOONSTEL TE BETAAL X GARAGE IS EKSTRA X GROETE VAN ALMAL HIER EN TUIS X MOOI OPPAS HOOR LEKKER BLY AL MY LIEFDE

TIENIE

LIEWE JOHAN 1/6 (7)

JOOL WAS AANGENAME ONDERVINDING PRET EN PLESIER VERBY NOU HARD WERK X ALLES GOED HIER X BIETJIE VERLANGE X 26 JUNIE - 30 JULIE EERS TUIS X HOE LANK HARE EN BAARD X SLAAP BO OF ONDER KIMBERS X BLY GESKENK LEKKER X GEDINK AAN JOU X GAAN JY VIR MY ETE KOOK WANNEER TERUG X LAAT GOED GAAN X LIEFDEGROETE

ESTELLE

6/6/68 (20)

MY LIEFSTE JOHAN,

HIER NOG GOED NET DIE VERLANGE WAT NIE WIL STIL NIE. BAIE DANKIE MY SKAT VIR BOODSKAPPIE EN OOK VIR AL JOU BAIE LIEFDE DIE AFGELOPE PAAR MAANDE. OM TE DINK JY IS AL VYF MAANDE WEG EN NOG KAN EK NIE GEWOOND RAAK. WAS NAWEEK TUIS. OUERS HET SAAM RADIO NEDERLAND GELUISTER. DATUMS IS 22SEPT. EN 4 NOVEMBER. HET SAAM MET MARTIE EN KLEINTJIE GAAN FLIEK. BAIE AANGENAAM. GROETE VAN ONS OUERS EN VRIENDE. SIEN UIT NA OPREOP DIE MAAND. DIT IS AL AMPER TWWEE MAANDE. HET JOU BAIE LIEF MY DIER. SIEN UIT NA TERUGKOMS.

LEKKER BLY MY SKAT?

AL MY LIEFDE, TIENIE.

LIEWE JOHAN (3)

GRAPPIE GENIET X JYS TE HAASTIG JONG X SIMPATIE DAAR IN KOUE X ONS HET PAASNAWEEK GIANTS CASTLE GEKLIM X DAAR BO MINUS 5 GRADE C X VIR MY KOUD GENOEG X AMPER GEVRIES X GERT HET C.W.A. EKSAMEN GESKRYF UITSLAE EERS OOR DRIE MAANDE X HOU MAAR DUIM VAS

GROETE

ANNEMARIE EN GERT

BRIEF GROBBELAAR 11/6/68 16/6/68 (21)

MY LIEFSTE

BAIE BAIE DANKIE VIR DIE WONDERLIKE RUIKER X DIS ROOI WIT EN ORANJE X KAN NIE BESKRYF X EK VOEL NET SO REIN AS DIE WIT BLOMME X AG VERLANG SOMMER BAIE X HIER ALLES NOG GOED X NET KOUD X HET VOORSMAAK VAN JULLE YSWERELD X GAAN DIE NAWEEK NA BEE X WAS WEG VORIGE NAWEEK X BESIG MET FINANSIELE JAAR AFSLUITING X WERK LAAT KLAP X VOGES MAAK EN BREEK HEELDAG X HET NOG NIE VAN JOU OUERS GEHOOR X HET LAAS GESKRYF X EK EN MY MENSE VERLANG BAIE MY DIER X ALMAL STUUR GROETE X NELLIE OOK X HET JOU BAIE LIEF X LEKKER BLY X AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

MY LIEFSTE JOHAN 29/6/68 (22)

AG DIT WAS WONDERLIK OM WEER TE KON GESELS X DIT HET GOED GEDOEN MAAR NET DIE VERLANGE IS VANDAG WEER SO KWAAI X EK WAS NAWEEK HUIS TOE X DAAR ALLES NOG GOED X ALMAL STUUR GROETE X THEA KOM VIR 2 WEKE BY MY BLY X SY GAAN KURSUS VOLG BY TEGNIESE KOLLEGE IN VAKANSIE X HET VRYDAGAAND NA DANIE GELUISTER OP TREIN X BAIE OULIK X JA OUPA WEER WATERVAL BOVEN TOE X HY GAAN BAIE AGTERUIT JONG X HET VANDAG DAREM N BRIEFIE GEKRY X GROETE VAN ALMAL IN PRETORIA X LEKKER BLY MY DIER

BAIE LIEF VIR JOU X VERLANGEND

JOU TIENIE

MY LIEFSTE JOHAN (23)

JA DIS TYD DAT JY TERUGKOM X EK LE ALWEER IN DIE BED MET N GEWELDIGE VERKOUE X MOET NIE BEKOMMERD WEES NIE X EK WAS BY DOKTER X THEA BLY OOK NOU HIER VIR 2 WEKE DUS DAREM WEER N SLAG GESELSKAP X MAAK DAREM DIE AANDE KORTER X TRUI AMPER KLAAR NOG NET MOU X EK GAAN NAWEEK HUISTOE X ALMAL HIER STUUR GROETE ASOOK ALBEI ONS OUERS X AG EK VERLANG SO BAIE JONG X SIEN UIT NA VOLGENDE JAAR X HET JOU NOG SOMMER BAIE LIEF X LEKKER BLY MY SKAT X AL MY LIEFDE JOU

TIENIE

MY LIEFSTE JOHAN 12/7 (24)

DIT IS ETENSTYD X EK IS ALLEEN IN DIE KANTOOR X WIL GOU BRIEF GAAN HAAL X HIER NOG ALLES WEL NET DIE VERLANGE WAT MAAR ALTYD DAAR IS X DANKIE BOODSKAP AAN OUERS FAMILIE EN MYNE X WAARDEER DIT BAIE X HET GOED GEKRY VIR KIS BY OUERS EN POPPIE X EK THEA EN POPPIE GAAN FLIEK VANAAND X JAMES BOND X ALMAL STUUR GROETE IN PRETORIA ASOOK OUERS X RITA ASTER MET BANDOPNAME SATERDAG GETROUD X VERLANG SO BAIE IS BAIE LIEF VIR JOU
LEKKER BLY

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

GROBBELAAR 15/7 (8)

GEGROET MANNE VAN ANTARKTIKA

HIER ALLEW NOG WEL MET ALMAL X ESTELLE GENIET NATALSE SOMER NA VRYSTAATSE TWEE EN DRIE GRADE ONDER X KLA GEEN BRIEWE VAN JULLE OUENS X SLEGTE MA WIE SE SEUN NIE SOKKIES KAN STOP NIE NE X PLAN VIR ANDER HUIS WORD NOU OPGETREK X SAL ERF WAARSKYNLIK LAAT GELYKMAAK NOG GEEN ENTOESIASME WAT BOU BETREF NIE X VERWAG JAN VANAF 15DE VIR RUSKUUR OP STILPLAAS KLOOF HY STUDEER NOU C/juris EN WIL KOM SWOT X LIEFDEGROETE

SOPHIE

MY LIEFSTE, 18/7 (25)

AG SIEN BAIE UIT NA 24STE. DAN KAN ONS TOG WEER GESELS. DAAR IS SO BAIE OM OOR TE PRAAT. MAAR KAN TOG NIE SO NIE. EK HET BRIEF VAN JOU OUERS GEHADALMAL DAAR STUUR BAIE GROETE EN VERLANG OM JOU WEER TE SIEN. EK SIEN BAIE UIT NA VOLGENDE JAAR MY DIER. DIE VERLANGE IS AL SO BAIE EK WEET NIE WAT OM TE DOEN NIE. GAAN NAWEEK WITBANK TOE. NELLIE SAAM. WENS NET TYD WIL NIE SO STADIG OMGAAN. EEN DAG VOEL SOOS WEEK. MY OUERS EN FAMILIE EN VRIENDE STUUR GROETE. HOOP NIE JY WORD REGTIG SO GROOT NIE. IS BAIE LIEF VIR JOU JOHAN. PAS JOUSELF MOOI OP.

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE.

GROBBELAAR 28/7 (26)

LIEFSTE JOHAN

NOU VOEL EK WEER N SLAG LUS OM IETS TE DOEN NA SO N HEERLIKE GESELSIE X BLY OM TE HOOR DIE OPERASIE WAS DAREM N SUKSES X MOET TOG NIE WEER SO N DING AANPAK NIE X HIER ALLES GOED X EK EN NELLIE GAAN VANAAND RAKA SIEN X BALLET OPVOERING X VOGES EN AL DIE JEUGSENTRUMERS STUUR GROETE X GAAN DIE NAWEEK NA BEE X HULLE STUUR GROETE ASOOK DIE FAMILIE X VERLANG SPANNE JONG X HET JOU BAIE LIEF X AL MY LIEFDE

TIENIE

JOHAN GROBBELAAR SANAE 9 (9)

DAGSE JOHAN 30/7

WORD BREUKE AL AS TYDVERDRYF HERSTEL? BLY GOED VERLOOP X OORSPRONKLIKE HUISPLAN VERWERP X ANDER EEN IN WORDING X ESTELLE 29STE TERUG X BESIG VOORBEREIDINGS VELD? HOE LAND WEGBLY? SAL ONS DAN OOIT VAN JOU HOOR? ALMAL STUUR GROETE LUSIGNEAS EN SIMMONDS OOK X LAAT DIT GOED GAAN X GROETE AAN ALMAL TUIS

LIEFDE

OUERS EN ESTELLE

LUSIGNEAS CFM

GROBBELAAR 30/7 5/8 (27)

LIEFSTE JOHAN

DIE VERLANGE WORD NOU TE GROOT X SIEN SO BAIE UIT NA JOU TERUGKOMS X EK GAAN DONDERDAGAAND HUISTOE X POPPIE IS MET VERLOF VIR MAAND X EK VOEL NOU SKOON VERLORE HIER X NELLIE WAS OOK WEER SIEK X MOET NIE BEKOMMERD WEES DAT EK AL MY VERLOF SAL GEBRUIK X WIL DAREM SAAM MET JOU EERS VAKANSIE HOU X ONS WEER IS VANDAG PURE LENTE X EINTLIK ~~XX~~ AL DIE HELE WEEK SO X MAAK MY VERLANG NOG MEER OM TE WEET EK DOEN ALLES ALLEEN X WAS NAWEEK BY BEE ~~XXXXXX~~/X STUUR GROETE X OOK OUERS EN VRIENDE X VERLANG SOMMER BAIE X HET JOU BAIE LIEF JOHAN

LEKKER BLY

AL MY LIEFDE

TIENIE

GROBBELAAR 7/8/68 (28)

MY LIEFSTE JOHAN 9/8/68

HIER NOG ALLES GOED X VERLANGE EN EENSAAMHEID MAAK SEER X EK SIEN BAIE MENSE MAAR TOG EENSAAM X VANDAG N JAAR DAT JY AANSOEK GEDOEN HET X WAS TOE HUISTOE ALMAL STUUR GROETE X FANIE SAAM MET GESKIEDENIS TOER AF NATAL TOE X TWEE WEKE X RADIO NEDERLAND SATERDAG BAIE SWAK KON NIE BOODSKAP HOOR MAAR DIANA HET DAREM GELUISTER X GAAN MOREAAND SAAM MET NELLIE LA TRAVIATA VAN VERDI SIEN IN AULA X WENS JY WAS HIER MAN X AG DIS NIE LEKKER ALLEEN TE WEES NIE X GROETE VAN ALMAL HIER X LEKKER BLY X AL MY LIEFDE

TIENIE

TO GROBBELAAR 13/8/68 (10)

DAGSE

VRYSTAATSE BANK EIS R85 SYNDE NOVEMBER PAAIEMENT PLUS R13 RENTE PLUS ASSURANSIE X KONTRAK 4 JUNIE VERVAL X HET AFSKRIF GROOTBOEK AANGEVRA X OOK BESONDERHEDE TRUST BANK AANGEVRA X SAL WEIER R13 BETAAL X HET JY PAAIEMENT VERGEET? BEKOMMER NIE SAL ALLES REGSIEN X GESELS 21STE X GROETE

PAPPIE

BRIEF JOHAN GROBBELAAR 13/8/68 (29)

MY LIEFSTE DIERTJIE 16/8

HIER ALLES NOG GOED NET DIE VERLANGE WAT SO BAIE PLA X NET WAAR JY GAAN BLY IS GOED MY DIER X IS NET WAT VAN DIE WOONSTEL X JA EK HET TOE MAAR WEER INGESKRYF EK HOOP DIS DIE LAASTE KEER X EK RAAK MOEDELOOS X HET LEKKER TEE GEDRINK BY MAARTIN X JAMMER DAT EK SO DROOG GEMAAK HET X JY SAL MOS VERSTAAN JOHAN X VOGES STUUR GROETE ASOOK OUERS FAMILIE EN ANDER VRIENDE X EK IS BAIE LIEF VIR JOU LEKKER BLY EN MOOI LOOP

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

JOHAN GROBBELAAR (30)

PRETORIA

22/8/68 26/8

MY LIEFSTE JOHAN

HIER NOU XXXX BAIE GOED NA GESELSIE X VOEL DIE LENTE IN MY ARE X HET DAREM WEER BANDOPNAME MASJIEN IN HANDE GEKRY X LUISTER WEER GEREELD X FAMILIES EN VRIENDE STUUR GROETE X VERLANGE IS SO ONEINDIG BAIE X PAS JOU MOOI OP MY DIER X IS SO BAIE LIEF VIR JOU X LEKKER BLY

JOU TIENIE

GROBBELAAR 22/8 28/8 (8)

LIEWE JOHAN

DANKIE BRIEF VERLANGE WEDERSYDS X CLIVE GEK WIL BLY OORREED HOM TERUG TE KOM SAL NIE MAAK NIE X HIER BEGIN LENTE X VAAL WORD GROEN BLOEISELS TE PRAGTIG X WEER AANGENAAM SOMS KOUD WINDERIG X LEKKER MET MAMMIE GESELS? BLY JY BLY NIE X GENIET VELDEKSPEDISIE EN VERBLYF IN DIE ALGEMEEN X MOOI LOOP ALLES VAN DIE BESTE

LIEFDEGROETE

TE KOM SAL NIE MAAK NIE X HIER BEGIN LENTE X VAAL WORD GROEN BLOEISELS TE PRAG-TIG X WEER AANGENAAM SOMS KOUD WINDERIG X LEKKER MET MAMMIE GESELS? BLY JY BLY NIE X GENIET VELDEKSPEDISIE EN VERBLYF IN DIE ALGEMEEN X MOOI LOOP ALLES VAN DIE BESTE

LIEFDEGROETE

ESTELLE

GROBBELAAR 29/8 (31)

GROBBELAAR

MY LIEFSTE JOHAN (3/9)

VREESLIK OM TE HOOR JULLE WEET NIE MEER WAT DOEDIES IS NIE X HET OPNAME GEMAAK VAN JULLE GESPREK OP ATELJEE 68 X WAS LEKKER OM WEER JOU XXM STEM TE HOOR X HIER ALLES NOG GOED VERDER X MUTUAL FIRE POLIS HET JANUARIE AL VERVAL X WAT MOET EK DOEN X BRIEF TUSSEN POS GEWEES GISTER X EK GAAN WEER DIE NAWEEK HUIS TOE X POPPIE SE VERLOF SATERDAG OM X AG EK VERLANG VANDAG WEER SO BAIE X HET JOU BAIE LIEF MY DIER X MOOI LOOP MY SKAT

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

GROBBELAAR 4 SEPT. (5/9) (32)

LIEFSTE JOHAN

AG DIS HEERLIKE LENTEWEER HIER NET DIE VERLANGE IS SO BAIE. KAN NIE WAG DAT DIE TYD MOET OMGAAN NIE. HOOP JY SAL NOG VOLGENDE NEDERLAND BOODSKAP HOOR. EK HET VERGEET JY IS DAN IN DIE VELD. KOBUS MOET MAAR ASB. DIE BOODSKAP OORDRA. JY MOET VERSIGTIG WEES DIER. OP MINNAR BAIE GOED. MY PA LOS AF STASIEMEESTER. OUPA NOG NIE TERUG, GAAN GOED. GROETE VAN ONS OUERS? SASOL SE MENSE ASOOK BEE-HULLE, NELLIE EN VOGES. HET OPNAME GENIET. RINA VAN ZYL KOM VANAAND LUISTER. NEEM FOTOS VAN JOUSELF HOOR. WAS OP SKOU GEWEES MET ELAINE EN HANNES. LEKKER BLY. BAIE LIEF VIR JOU. AL MY LIEFDE

SIEN UIT NA OPROEP.

JOU TIENIE.

GROBBELAAR 3 SSEPT. (5/9) (11)

HALLO JOHAN

HET BETAAL PAAIEMENTE R149.50, LISENSIE R15.00, DERDE PARTY R16.22 BALANS R620. PORT ELIZABETH 20 DUIM REEN SONDAG. HIER NOG GOED.

GROETE OUERS

TELEGRAM
GROBBELAAR SANAE 9 10/9 (12)
SPAARREKENING G235B SA PERMANENT DURBAN BAIE DANKIE X SONDAG BY TESTER ONGELUKKE GEEN KONTAK SANAE HOOP ALLES WEL X JOPPIE SIEK VERLOF BRONGITIS VERDER GOED MET ALMAL X JAKARANDAS HIER BEGIN NOU BLOM LIEFDE GROETE

OUERS

GROBBELAAR 4/9/68 16/9 (9)

LIEWE OUBOET

HOOP CLIVE BESLUIT REG X REGTIG TE LANK OM TE BLY X WENS JY KAN LENTE HIER SIEN X TIENIE MY GEBEL X VERLANG BAIE X CORTINA COZETTE UITSTEKENDE TOESTAND X ONS GAAN BAKLEI OOR HOND AS JY TERUG IS X GROND MOOI DAREM NIE DIESELFDE AS KLOOF NIE X PLANNE STEEDS IN WORDING X GROETE ALMAL X MOOI LOOP EN BLY X LIEFDE GROETE

ESTELLE

GROBBELAAR TELEGRAM 17/9 (33)

BAIE BAIE DANKIE VIR DIE TELEGRAM ASOOK OPROEP. WAS WONDERLIK OM WEER JOU STEM TE KON HOOR, PAS JOUSELF MOOI OP MY DIER, EK VERLANG OM JOU TERUG TE SIEN, WENS WAS SAAM MET PARAFFIEN STOFIE DAAR, SAL NOG SO GEREELD AS MOONTLIK KAN BOODSKAPPIES JUBERO STUUR, LAAT WEET HOE DIT GAAN IN VELD NET JAMMER DIS NIE LENTE NIE. GROETE VAN ALMAL HIER, MIS JOU NET SO BAIE MAAR DAREM NIE MEER SO LANK NIE. HET JOU BAIE LIEF JOHAN, MOOI LOOP AL MY LIEFDE

TIENIE

GROBBELAAR

LIEWE JOHAN 17/9 (4)

ALBEI BAIE GESOND HIER X WERK ELKE SATERDAG OP GROND X GEEN UITSIG X BAIE BOME X BOU PLANNE NOG VER IN TOEKOMS X GERT SUKSESVOL IN EKSAMENS X STUDEER ALWEER VERDER X BY ONS LEKKER LENTEWEER X ALLES VAN BESTE MET TYD IN BERGE X JANEE ONS VERLANG OOK X LIEFDE

GERT ANNEMARIE

GROBBELAAR 11 SEPT 17/9 (34)

MY LIEFSTE JOHAN

AI MAN DIE VERLANGE MAAK SEER X KAN NIE MEER WAG VIR DIE TERUGKOMS NIE X EK BESEF NET ELKE DAG MEER HOE LIEF EK JOU WERKLIK HET X EK HET SO BAIE OM TE VERTEL EN TE BESPREEK DUS KAN EK MAAR NET HOOP GLO EN BLY LIEFHE X EK HET GISTER MET JOU X MAMMIE GESELS X DIT GAAN GOED NET JOU PA HET BRONCHITIS EN SY GAAN DIE 26STE HOSPITAAL TOE VIR N OP X O JA KIS AMPER VOL NOG NET KUSSINGS EN LAKENS X WIL N WIT DINNERSTEL KOOP X DIS PRAGTIG X GROETE VAN ONS OUERS FAMILIES EN VRIENDE X MOOI LOOP

... MAAR SEER X KAN NIE MEER WAG VIR DIE TERUG-
KOMS NIE X EK BESEF NET ELKE DAG MEER HOE LIEF EK JOU WERKLIK HET X EK HET SO
BAIE OM TE VERTEL EN TE BESPREEK DUS KAN EK MAAR NET HOOP GLO EN BLY LIEFHE X
EK HET GISTER MET JOU X MAMMIE GESELS X DIT GAAN GOED NET JOU PA HET BRONCHITIS
EN SY GAAN DIE 26STE HOSPITAAL TOE VIR N OP X O JA KIS AMPER VOL NOG NET KUSSINGS
EN LAKENS X WIL N WIT DINNERSTEL KOOP X DIS PRAGTIG X GROETE VAN ONS OUERS FAMILIES
EN VRIENDE X MOOI LOOP

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

MY LIEFSTE JOHAN 25/9 (35)

BAIE BAIE DANKIE VIR AL JOU WONDERLIKE LIEFDE IN DIE TYDPERK WAT ONS GEGUN IS OM MEKAAR BETER LEER KEN EN TE VERSTAAN X BAIE DANKIE VIR DIE PRAGTIGE RUIKER X DIT DOEN SOMMER WONDERE X TUIS GAAN DIT BAIE GOED OUPA IS WEER TERUG MAAR IS BAIE MAER X GAAN BAIE AGTERUIT X VERDER LIEFSTE NIE VEEL OM OOR TE KLA NIE NET DIE VERLANGE MAAK N MENS STOM X GENIET DIE TYDJIE IN DIE VELD EN MOOI LOOP MY SKAT X HET JOU BAIE LIEF X AL MY LIEFDE X JOU TIENIE

LIEWE JOHAN (13)

JA NOVEMBER PAAIEMENT PLUS RENTE EN EEN ONGEDEK MET OORSKAKELING BETAALDAE X IS NIE SO HAASTIG X IS STEEDS AF BROMGITIS X VERDER ALLES GOED COUZETTE OOK X CORTINA 15000 MYL BEDIENING ONDERGAAN X ALLES PUIK X HUISPLANNE VANDAG INGEDIEN GOEDKEURING X HUIS STEEDS OP MARK X GAAN GRAAG KAAP TOE BESLUIT LATER WAARMEE X MAMMIE ONDERGAAN OPERASIE VOLGENDE WEEK X TIEN DAE IN PARKLANDS X ANNEMARIE GERT SATERDAE BESIG HULLE GRONDJIE SKOON TE MAAK COWIESHELL X NUWE HUIS NABY ONS FEITLIK VOLTOOI X OU DAMES DUBBELVERDIEPING ALBEI OORLEDE HUIS VERKOOP X HEELWAT VERANDERINGS X LIEFDE GROETE ALMAL HIER JULLE DAAR

MY LIEFSTE (36)

DANKIE BRIEFIE X MOET MOOI LOOP HOOR X GEREELD IN MY GEDAGTES X HET ANNEMARIE GEBEL X MET MAMMIE BAIE GOED X OPERASIE GOED AFGELOOP X HIER ALLES GOED VERLANG NET BAIE X HOOP HET VOORSPOEDIG BY WERKSGEBIED AANGEKOM X HET RUIKER VIR JOU MAMMIE GESTUUR X HET NAWEEK BY BEA LEKKER GEBRAND WAS WARMBAD TOE X GROETE VAN ALMAL X MOOI LOOP MY DIER

AL MY LIEFDE

TIENIE

LIEFSTE JOHAN (37)

AG NOU VOEL MY HART WEER BLY WANT EK HET N BRIEFIE GEKRY X BLY OM TE HOOR JY GENIET NOG DIE VELD LEWE X HIER ALLES NOG GOED NET DIE TYD STAAN STIL X JOU MAMMIE OP OOMBLIK IN JOHANNESBURG X GAAN DONDERDAG EERS HUISTOE X VERLANGE IS AL BAIE STERK X GROETE VAN ALMAL TUIS EN IN PRETORIA X HET JOU NOG BAIE LIEF JOHAN

MOOI LOOP AL MY LIEFDE

TIENIE

LIEWE JOHAN (10)

BRIEF AANGENAME VERASSING X HOE GEVAL VELDLEWE JOU X WEES NET VERSIGTIG TOG HOOR X GAAN BESLIS IN KAAP WEES BUIG OF BARS X PREDIKATE 18C BEKEND GEMAAK X HOOP SAL KAN EKSAMEN SKRYF X AS ALLES GOED VERLOOP IS EK 15 NOV IN DURBAN X DAN KLAAR MET EERSTE JAAR X GROETE ALMAL

ALLES VAN BESTE

LIEFDE

ESTELLE

JOHAN (11)

OPERASIE GOED VERLOOP MAMMIE NOG BAIE SWAK X VERWAG HAAR HUIS VROEG VOLGENDE WEEK X SY HET SES WEKE SIEKTEVERLOF X SAL SEKER NOG TRANSVAAL GAAN X HET SONDAGAAND IN REEN KLIP RAAKGERY IN NASIONALE PAD X CORTINA VOORBAND GESNY X NET SOWEL NOU TWEE BANDE KOOP X WATTER SOORT? VIR ESTELLE SAAMGESPAN EN KODAK INSTAMATIC GEKOOP VERJAARSDAG X HOOP HOU DAARVAN X POSKANTOOR VORDER MOOI ON-AFHANKLIKHEID X VERWAG GEWELDIGE VERBETERINGS X HUIS NOG NIE VERKOOP NIE X WAG NOG GOEDKEURING PLAN X ONS REENWEER REEDS BEGIN X WERELD PRAGTIG GROEN

BAIE GROETE

OUERS

OUERS

LIEWE JOHAN (15)

13DE X BAIE DANKIE WONDERLIKE RUIKER EN MOOI VAAS X MAMMIE TOE 6DE HUISTOE X HET VERLEDE WEEK VERLOF GENEEM OM HAAR OP TE PAS X STERK MOOI AAN X IS NOG BAIE SWAK X JAMMER DAAR SAL GEEN BOODSKAP WEES DEUR WILLIE NIE X HET JOUE GEHOOR KON NET NIE TYD INPAS MET WILLIE NIE X ESTELLE BEGIN EKSAMENS 29STE HOOP MIDDEL NOVEMBER TUIS WEES X PROBEER WERK VIND VIR HAAR X VERWAG PLANNE HIERDIE WEEK TERUG X VANDAG DEUR TESTER KONTAK GEMAAK MET DANIE X

LIEFDE GROETE

OUERS

MY LIEFSTE JOHAN (38)

BAIE BAIE DANKIE VIR SO N WONDERLIKE GEDAGTE OM VIR MY DIE LIEFLIKE RUIKER TE STUUR X MY DIER JY ALLEEN WEET WAT DIT IN DIE VERLEDE VIR MY BETEKEN HET DUS KAN EK NET SE BAIE DANKIE X EK BELOWE OM VOLGENDE JAAR MOOI DANKIE TE SE VIR ALLES WAT EK HIERDIE JAAR GEKRY HET X GENIET DIE TYDJIE MAAR DEEGLIK EK GLO NIE DAAR SAL N TWEEDE KEER WEES NIE X GROETE VAN FAMILIE EN VRIENDE MOOI BLY MY DIER

AL MY LIEFDE

TIENIE

LIEFDTE JOHAN (39)

HOOP GAAN GOED DAAR IN VELD X HIER ALLES GOED NET VERLANGE IS BAIE X JOU MAMMIE VIR WEEK HIER X GENIET DIT BAIE X WANNEER KEER JULLE TERUG UIT VELD X HOOP VOOR VOLGENDE OPROEP X GROETE VAN AL DIE VRIENDE FAMILIE X KANNIE WAG OM JOU WEER TE SIEN NIE X TYD RAAK TE LANK EN TOG IS DIT OOK KORT X HET JOU BAIE LIEF JOHAN X MIS JOU ONEINDIG BAIE X MOOI LOOP MY DIER

AL MY LIEFDE

TIENIE

HIER GAAN DIT GOED SAL BY OUERS WEES KERSFEES TELEFOON NOMMER MINNAAR 7 (40)
SIEN UIT DAARNA VERLANG BAIE BAIE LIEFDE

TIENIE

MY LIEFSTE DIER

BAIE DANKIE BRIEFIE ASOOK TELEGRAM X EK SAL BY MY OUERS WEES MET KERSFEES X SAL SO GOU MOONTLIK TELEFOONNOMMER LAAT WEET X SAL HEERLIK WEES GESELS X ONS KAN HUIS OF WOONSTEL BESPREEK AS JY TERUG IS X ONTHOU VER UIT STAD X POPPIE EN MAAT VANAF DESEMBER IN WOONSTEL BLY X DIS BAIE KOUD GISTER 47 F AMPER SOOS BY JULLE X WENS KON STERTJIES HARE SIEN X NEEM FOTOS X HOE LANK VERLOF NEEM X 3 WEKE OF HOE X HET GISTERAAND GAAN BLOED SKENK X EERSTE KEER X XXXXX GROETE AAN DANIE ANTON CLIVE GERRIE EDDIE X LEKKER BLY GROETE VAN ALMAL (41)

BAIE LIEF VIR JOU

AL MY LIEFDE

TIENIE

HALLO JOHAN

DANKIE GELD ALLES ONTVANG X HANNEKE SE HUIS BESKIKBAAR X HULLE VERWAG APRIL NUWE HUIS TE BETREK X GERT WOONSTEL NABY HULLE VIR ONS GEKRY TREK 29 DESER X ESTELLE SIEK TYDENS EKSAMEN X MET CORTINA HAAR GAAN HAAL X HEELNAG GERY DIESELFDE DAG TERUG X REIS GOED VERLOOP SONDER NOODWIEL X HOOP FEBRUARIE ALLE VAKKE SKRYF X WORD NOG ONDERSOEK X SKYNBAAR HEELTEMAL GESOND X PHILLIP SCHUTTE JANUARIE BEDANK X NAVRA SP49 NOG VERKIESLIK X KAN AFSLAG OP DIESELFDES KRY X MAMMIE ALREEDS N WEEK TERUG EN BY DIE HUIS X GAAN REDELIK GOED MET HAAR X BEGIN 18 DESER WERK X HOE GAAN DIT MET JULLE ALMAL NOG X DAREM BLY JY BLY NIE VOLGENDE JAAR OOK NIE X MOOI LOOP X BAIE GROETE (16)

VERLANGEND

OUERS

LIEWE JOHAN

HET OP BAND VAN VERKOOP VERTEL X BRITSE IMMIGRANTE NUWE EIENAARS X SAL COUZETTE VERSORG TOT JY TERUG IS X HOU MOTORHUIS VIR CORTINA EN LOS GOED UIT X TREK 27 DESER NA WOONSTEL X NUWE ADRES X DEI GRATIO 14 (17)

WOODBURNOORD

GLENWOOD

GENIET LAASTE RUKKIE IN KOUD SUIDE X TUIS ALLES NOG GOED X SIEN ALMAL UIT NA TERUGKOMS X LIEFDE GROETE

OUERS EN ESTELLE

LIEFSTE JOHAN (42)

DIE VERLANGE IS AL BAIE X WANNEER TERUG UIT VELD X SIEN UIT NA OPROEP X HIER DAREM WEER WARM WAS BAIE KOUD X GISTER VRAESTEL NIE TE SLEG X NOU NOG DONDERDAG OOK SKRYF X HOOP GAAN GOED X HOOP SAL NEDERLANDSE BOODSKAP HIERDIE MAAND HOOR X TELEFOON NOMMER IS DE JAGERS SN X HET GESE EK KAN DAAR MET JOU GESELS X HET NAWEEK TROUE GEHAD X JAMMER JY WAS NIE HIER NIE X EK IS BESIG MET MUURBEHANGSEL X SAL MOOI LYK AS KLAAR X GROETE VAN ONS OUERS EN FAMILIE EN VRIENDE X GROETE AAN AL DIE MANNE X LEKKER BLY X BAIE LIEF VIR JOU

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

MY LIEFSTE JOHAN 8/12 (43)

AG EK IS BLY JY IS VEILIG TERUG UIT VELD X HOOP JY HET DIT BAIE GENIET X HIER ALLES NOG BAIE GOED X NET VERLANGE NA GISTER BAIE MEER X SIEN NOU EERS UIT NA OPROEP MET KERSDAG X ALMAL STUUR BAIE GROETE X POPPIE NOU IN WOONSTEL SAAM MET MAAT X EK STUUR BRIEF SAAM MET N PERSOON SAL LAAT WEET MET WIE X MY MAMMIE STUUR GOED SAAM MET BOOT VIR JOU X SAL LEKKER GESELS AS JY TERUG IS X SO BAIE TE VERTEL X EK MIS JOU REGTIG BAIE VERAL DIE TYD VAN JAAR X VERLANG BAIE X HET JOU BAIE LIEF MAN X GROETE AAN ANDER OUENS X AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

MY LIEFSTE JOHAN (13-12) (44)

EK HET NET GISTERAAND DIE PAKKIE OPGEMAAK X EK SAL BRIEWE SAAM MET N SPANLID STUUR X AG DIER EK KON NIE NEDERLANDSE PROGRAM SATERDAG KRY NIE X NIEMAND HET GESLUISTER WAT VIR MY BOODSKAP KAN GEE NIE X HIER GAAN DIT GOED X EK HET NIE GELEENTHEID NA DURBAN NIE X DUS GAAN HUISTOE X HET BRIEF VAN JOU MAMMIE GEKRY X GAAN GOED DAAR X ALBEI OUERS EN FAMILIES EN VRIENDE STUUR GROETE X WIL NET ONS TWEE ONTMOETING SIEN X EK MIS JOU BAIE MAN X TYD VIR TERUGKEER X HET JOU BAIE LIEF JOHAN

VERLANG BAIE X AL MY LIEFDE

TIENIE

GROBBELAAR SANAE

BAIE GESEENDE KERSFEES MY DIER MY WENS VIR DIE NUWE JAAR IS DAT DIT NET VOORSPOED EN GELUK VIR JOU INHOU EK VERLANG BAIE AL MY LIEFDE

TIENIE

17-12-68

GROBBELAAR

BAIE GESEENDE KERSFEES EN VOORSPOEDIGE NUWE JAAR X LIEFDE GROETE

VANDRRWALT GESIN

MY LIEFSTE JOHAN

21-12-68 45

NOG NET SO BAIE LIEF VIR JOU X DIE VERLANGE IS SO BAIE X ALMAL MAAK GEREED VIR DIE KERSTYD X WENS JY WAS MET MY X EK SIEN BAIE UIT NA OPROEP X EK IS MET JOU DIE HELE DAG X WENS KON SAAM MET JOU MAALTYD GENIET X ONTHOU OPROEP MINNAAR 7 X EK SAL DIE DAG DAAR WEES X FANIE HET GESLAAG NOU ST 9 X THEA WAG NOG VIR UITSLAG X SY GAAN 2 JAN 69 NA HOSPITAAL IN JOHANNESBURG X OUPA NOU WEER IN SASOLBURG TOT FEBRUARIE X ONTHOU JY VERLEDE JAAR DIE TYD MY DIER ? AG EK VERLANG SOMMER VAN VOORAF WEER X GROETE VAN ALMAL HIER N BAIE GESEENDE KERSFEES AAN ALMAL X GENIET DIE WIT FEES HOOR GLO NIE N TWEEDE KEER

AL MY LIEFDE

JOU TIENIE

LIEWE JOHAN

3/1 11

BAIE DANKIE VIR MOOI KERSWENSE OOR HILVERSUM VAN ALMAL HIER X JA VAKANSIE WERK IS GELUKKIG NA KERSFEES VERBY X WAS UITPUTTEND X SOOS VAN RON SE GESELS AFGELEI X HET SEKER AGTERGEKOM DAT AS WINKELASSISTENT IN WOOLWORTHS GEWERK HET X MAMMIE IN VERVOERING OOR FANTASTIESE ANTAURIUMS X SE OOK VREESLIK BAIE DANKIE X KERSFEES EENSAAM SONDER JOU EN TIENIE X MOOI LOOP IN NUWE JAAR HOOP JOU KAAPSTAD TE SIEN

VERLANGEND

ESTELLE

MY LIEFSTE JOHAN (3/1) (46)

NOGMAALS BAIE DANKIE PRAGTIGE RUIKER EN TELEGRAM X WAS NAWEEK BY BEA X HET LEKKER GETAN X XXXX EK MIS JOU BAIE JONG X WENS DIE BOOT IS AL TERUG X EK GAAN OUJAARSDAG NA JOU TANNIE IN LYTTELTON X ALMAL STUUR BAIE GROETE X MOENIE BEKOMMERD WEES OOR LISENSIE NIE EK SAL KRY VOOR KAAP TOE X GROETE AAN ALMAL VIER MAAR LEKKER NUWE JAAR X ALMAL HIER VERLANG OM JOU TERUG TE SIEN X HANNEKE SE HUIS NOG NIE KLAAR HET VERBY GERY X HET JOU BAIE LIEF LEES LEKKER

AL MY LIEFDE

VERLANGEND

TIENIE

LIEFSTE JOHAN 8/1 (47)

HOEKOM SO STIL X WAAR IS NEDERLAND SE BOODSKAPPIES X HET JOU OUERS GESKAKEL GAAN GOED HULLE SIEN UIT NA OPROEP X EK WENS 2 MAANDE XX NOU VINNIG OMGAAN SIEN UIT NA VERLOF X THEA OPERASIE GOED AFGELOOP X MY OUERS MET VERLOF IN SASOLBURG ALMAL STUUR BAIE GROETE X HOEKOM HET JY HARE GESNY X DIERTJIE EK VERLANG BAIE X HET JOU BAIE LIEF X GROETE AAN ALMAL

AL MY LIEFDE VERLANGEND

TIENIE

GROBBELAAR 14/1 (16/1) (48)

MY LIEFSTE JOHAN

KAN NIE WAG DAT RSA MOET TERUGKEER NIE X SIEN BAIE UIT NA VAKANSIE X HIER ALLES VERDER GOED THEA HET GOED GESLAAG X SAL BINNEKORT PRETORIA TOE KOM X WAG NOG VIR DOKTERSVERSLAG X HOEKOM HARE GESNY? ONTHOU JY HET BELOWE X VOGES MET VERLOF EK NOU ALLEEN OP KANTOOR X NIE BAIE TE DOEN NIE DNS ALLEEN MET GEDAGTES X EK VERLANG BAIE X MY BANK IS VOLSKAS BOSMANSTRAAT TAK SPAAR REKENING NOMMER 452512 HERHAAL 45X 452512 X GROETE VAN ALMAL X EK HOOP ONS GESELS EENDAG WEER VOOR TERUGKOMS X HET JOU LIEF JOHAN GROETE XAN ALMAL DAAR

AL MY LIEFDE

VERLANGEND

TIENIE

DANKIE TELEGRAM BEDRAG R56.00 HOOP NIE TE VEEL BLY HARE NIE AF HET 28 DAE VERLOF TOT KREDIET MOET MINSTENS WEEK VOOR TYD WEET HIER VERDER BAIE OPGEWONDE VERLANG BAIE MOET HONDJIE SAAM BRING HOOP JY GOUER TERUG HET JOU BAIE LIEF VERLANGEND

17-1-69 TIENIE

49

LIEWE JOHAN BAIE DANKIE JOU BRIEWE X WAS 19DE BY TESTER X WEERSOMSTANDIGHEDE HET EGTER KONTAK VERHOED X HIER ALLES NOG GOED X ESTELLE LEER HARD HOOP HAAR POGING WORD MET SUKSES BEKROON X BESONDER WARM WEER X MOES GLAD SOUT PIKKE GEBRUIK X WERK OP GROND VORDER STADIG X DRIE SEUNS MAAK STENE SKOON STUK WERK X JOHNSTONES LAAT TAMAAI SWEMBAD BOU IPITIWEG X MOET FORTUIN KOS X SIEN UIT NA WEERONTMOETING X ESTELLE SAL MOONTLIK NIE KOM NIE X HANG AF VAN AANKOMS DATUM X BAIE GROETE OOK BEKENDES

OUERS

19

MY LIEFSTE JOHAN

VANDAG N MAAND DAN BEGIN MY VERLOF X ONS GAAN DIT TERDEE GENIET X SIEN BAIE DAARNA UIT X DIE VERLANGE WORD NOU REGTIG BAIE X THEA NOU IN PRETORIA X BLY HIER IN SENTRUM X WERK BINNELANDSE INKOMSTE X CORRIE HULLE HET N DOGTERTJIE SONDAG X NELLIE BAIE IN HAAR SKIK X WEER TANTE X VERDER GAAN GOED X VRIENDE EN OUERS FAMILIE STUUR GROETE X IS BOOT AL DAAR X WANNEER WEER VERTREK X SE DANIE MOET GOU BESLUIT X FANIE VRA MOET REGTIG HONDJIE SAAMBRING AS JY KAN X ONTHOU EK HET JOU BAIE LIEF JOHAN X BAIE MOEILIKE JAAR AGTER X GROETE AAN ANTON CLIVE DANIE

LEKKER BLY X AL MY LIEFDE

TIENIE

50